



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MUSIEK V1**

**MEI/JUNIE 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 36 bladsye.**

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)****(90 minute)****Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1  
EN VRAAG 2.1 OF 2.2  
EN VRAAG 3.1 OF 3.2  
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1****(25 minute)**

- 1.1 Voeg die korrekte tydmaattekenverandering in onder elke asterisk (\*).

**Antwoord:****OF**

1 x 2

(2)


- 1.2 Skryf die enharmoniese ekwivalent van die gegewe toonsoortteken hieronder.

**Antwoord:**

1 punt  
Geen ½ punte

(1)


- 1.3 Skryf die vergrote drieklank wat diatonies in die harmoniese mineur met die gegewe toonsoortteken aangetref word. Skryf die drieklank in eerste omkering.

**Antwoord:**

1 punt  
Geen ½ punte  
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

- 1.4 Skryf 'n mineur drieklank wat in 'n G majeur pentatoniese toonleer aangetref word.

**Antwoord:**

1 punt  
Geen ½ punte  
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

1.5 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.5.1 Skryf die omkering van die interval by (M) sonder toonsoortteken.

**Antwoord:**




1 punt  
Geen ½ punte  
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

1.5.2 Verander die interval by (N) na 'n saamgestelde vergrote 2<sup>de</sup>.

**Antwoord:**



1 punt  
Geen ½ punte  
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

1.5.3 Noem die ritmiese middel wat in maat 1 en 2 gebruik word.

**Antwoord:** Sinkopasie

1 punt

(1)

1.5.4 Noem die artikulasieteken wat op die laaste noot gebruik word.

**Antwoord:** Tenuto


1 punt

(1)

1.6 Skryf die volgende toonlere volgens die gegewe instruksies:

1.6.1 'n Opgaande heeltoon-toonleer wat op die gegewe noot begin.

**Antwoord:**



OF



Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte

(2)

- 1.6.2 'n Afgaande Eoliese modus wat op F begin.

**Antwoord:**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte  
(Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie)*

(2)

- 1.6.3 'n Opgaande harmoniese mineur toonleer waarin die gegewe tritonus (vergroete 4<sup>de</sup>) aangetref word.

**Antwoord:**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte  
(Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie)*

(2)

**[15]**

**VRAAG 2****(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

- 2.1 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie OF in balknotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir stem te vorm. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE. Gebruik slegs EEN notasiesisteem.

**Konseptantwoord:**

**A** Doh is G

d ., m: r . s, f: m . s | l :

Imperfect cadence in G  
Onvolmaakte kadens in G  
Perfect cadence in D/C/e  
Volmaakte kadens in D/C/e

**B**

5

Imperfect cadence in G  
Onvolmaakte kadens in G  
Perfect cadence in D/C/e  
Volmaakte kadens in D/C/e

**A'**

9

d ., m: r . s, f: m . s | l :

Perfect cadence in G  
Volmaakte kadens in G

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.


BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Vorm en kadenspunte</b>	1 punt per frase x 3	3
<b>Notasie</b> Solfa-notasie: ritme- en toonhoogteaanduidings Balknotasie: polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en skuiftekens	Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte	2
<b>Kwaliteit</b> - Toepaslikheid van omvang - Voordragaanwysings en musikaliteit	9–10 <b>Uitstekend</b> Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme	10
	7–8 <b>Goed</b> Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat	
	4–6 <b>Gemiddeld</b> Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos	
	0–3 <b>Onaanvaarbaar</b> Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend	
<b>TOTAAL</b>	Nasieners mag ½ punte gebruik	15

[15]

OF

- 2.2 Skryf 'n oorspronklike twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn-melodiese instrument of stemtipe van jou keuse. Noem die instrument of stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg voordragaanduidings op geskikte plekke in.

Gebruik die volgende om 'n samehangende melodie te skep:

- Diskant- OF bassleutel
- G majeur toonsoortteken
- Balknotasie OF solfanotasie (Moet NIE lirieke byvoeg NIE)
- Ritmiese motief: 

### Konseptantwoord:


Instrument/Stemtipe:

- Diskantsleutel: Sopraan/Alt/Tenoor/Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
- Bassleutel: Bariton/Bas/Tjello/Fagot/Tromboon/Eufonium, ens.

Tempo: Moderato/Allegretto, ens.

**A** \_\_\_\_\_

Doh is G




Solfa: \_\_\_\_\_

Imperfect cadence in G  
Onvolmaakte kadens in G  
Perfect cadence in D/C/e  
Volmaakte kadens in D/C/e

**B** \_\_\_\_\_

5




\_\_\_\_\_

Imperfect cadence in G  
Onvolmaakte kadens in G  
Perfect cadence in D/C/e  
Volmaakte kadens in D/C/e

**A'** \_\_\_\_\_

9



\_\_\_\_\_

Perfect cadence in G  
Volmaakte kadens in G

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Vorm en kadenspunte</b>	1 punt per frase x 3	3
<b>Notasie</b> Solfanotasie: ritme- en toonhoogteaanduidings Balknotasie: polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en skuiftekens	Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte	2
<b>Kwaliteit</b> - Toepaslikheid van omvang - Voordragaanwysings, gebruik van gegewe ritmiese motief en musikaliteit	9–10 <b>Uitstekend</b> Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; oorspronklike aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en gegewe ritmiese motief	10
	7–8 <b>Goed</b> Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; oorspronklike aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en gegewe ritmiese motief akkuraat	
	4–6 <b>Gemiddeld</b> Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; oorspronklike aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en gegewe ritmiese motief verbeeldingloos	
	0–3 <b>Onaanvaarbaar</b> Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; geen oorspronklike aanvangsmotief; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend met geen gebruik van gegewe ritmiese motief	
<b>TOTAAL</b>	Nasieners mag ½ punte gebruik	15

[15]



**VRAAG 3****(10 minute)****Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**

The musical score is for a piano piece in G minor (three flats). It consists of 12 measures. The chords are identified as follows:

- (a) Measure 1:  $IV_4^6 / IV_c$
- (b) Measure 2:  $I_6^6 / I_b$
- (c) Measure 3:  $iii$
- (d) Measure 5:  $ii$
- (e) Measure 6:  $vi$
- (f) Measure 7:  $V^7$
- (iii) Measure 8:  $iii$
- (g) Measure 9:  $vii_6^{o6} / vii_b^{ob}$
- (iv) Measure 10:  $iv$
- Cadence (Measures 11-12):  $V \quad I$  (Z)

3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (g) met Romeinse syfers op die partituur, bv.  $vii^{o6}/vii^{ob}$ .**Antwoord:** Sien partituur

1 punt per akkoord	= 7 punte
Minus $\frac{1}{2}$ punt indien omkering of 7 <sup>de</sup> weggelaat of foutief is	

(7)

- 3.1.2 Noem die kadens wat by (Z) gevorm word en besyfer die akkoorde op die partituur.

**Antwoord:**

Volmaakte kadens

V - I

Kadens	= 1 punt
--------	----------

Akkoorde	= 2 punte
----------	-----------

(3)

- 3.1.3 Lewer kommentaar op die gebruik van toonsoort(e) in maat 9 tot 12.

**Antwoord:**

- Die toonsoort moduleer van A<sup>b</sup> majeur (tonika) na E<sup>b</sup> majeur (dominant)
- Die herhaalde gebruik van D herstel impliseer die leitoon van E<sup>b</sup> majeur
- Gebruik van die tussendominant van die dominant (B<sup>b</sup>) in die nuwe toonsoort (E<sup>b</sup> majeur) in maat 10

Enige EEN
-----------

(1)

- 3.1.4 Noem die tipe nie-harmoniese note by (i) en (ii).

**Antwoord:**

(i) Deurgangsnoot

(ii) Terughouding

1 x 2
-------

(2)

- 3.1.5 Skryf die volgende nie-harmoniese note by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenootwaarde vir jou antwoord.

**Antwoord:** Sien partituur

(iii) Bo-wisselnoot

(iv) Vooruitneming

1 x 2
-------

(2)

**[15]****OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**

The musical score is for a piano piece in D major (two sharps). It consists of 14 measures. The notation is as follows:

- Measure 1:** Treble clef, D4 quarter, E4 quarter, F#4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 2:** Treble clef, G4 quarter, A4 quarter, B4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 3:** Treble clef, C#5 quarter, B4 quarter, A4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 4:** Treble clef, G4 quarter, F#4 quarter, E4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 5:** Treble clef, D4 quarter, E4 quarter, F#4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 6:** Treble clef, G4 quarter, A4 quarter, B4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 7:** Treble clef, C#5 quarter, B4 quarter, A4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 8:** Treble clef, G4 quarter, F#4 quarter, E4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 9:** Treble clef, D4 quarter, E4 quarter, F#4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 10:** Treble clef, G4 quarter, A4 quarter, B4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 11:** Treble clef, C#5 quarter, B4 quarter, A4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 12:** Treble clef, G4 quarter, F#4 quarter, E4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 13:** Treble clef, D4 quarter, E4 quarter, F#4 quarter. Bass clef, D3 half.
- Measure 14:** Treble clef, G4 quarter, A4 quarter, B4 quarter. Bass clef, D3 half.

Accord labels above the staff:

- (a) D/A (measures 1-2)
- (i) (measures 3-4)
- (b) Bm<sup>7</sup> (measures 5-6)
- (ii) (measures 7-8)
- (c) Gmaj<sup>7</sup> (measures 9-10)
- (d) D/F# (measures 11-12)
- (e) E<sup>7</sup> (measures 13-14)
- (iii) (measures 15-16)
- (f) G<sup>7</sup>/B (measures 17-18)
- (iv) (measures 19-20)
- (g) F#<sup>o7</sup> (measures 21-22)
- (m) E<sup>b</sup> (measures 23-24)
- (n) B<sup>b</sup> (measures 25-26)

A bracket labeled (Z) spans measures 12-14.

3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (g). Skryf die akkoordsimbole in die ruimtes wat bokant die notebalke verskaf is, bv. G/B.

**Antwoord:** Sien partituur

1 punt per akkoord	= 7 punte
Minus ½ punt indien omkering of 7 <sup>de</sup> weggelaat of foutief is	

(7)

- 3.2.2 Noem die kadens wat by (Z) gevorm word en skryf die akkoordsimbole by (m) en (n).

**Antwoord:**

Plagal cadence

 $E^b - B^b$ 

Kadens	= 1 punt
--------	----------

Akkoorde	= 2 punte
----------	-----------

(3)

- 3.2.3 Lewer kommentaar op die  $E^b$ -noot in maat 8.

**Antwoord:**

- Dit is die verlaagde 7<sup>de</sup> van die F-akkoord
- Dit dui 'n modulasie aan deur 'n dominant 7<sup>de</sup>-akkoord in  $B^b$  majeur te vorm

Enige EEN
-----------

(1)

- 3.2.4 Noem die tipe nie-harmoniese note by (i) en (ii).

**Antwoord:**

(i) (Onder-)wisselnoot

(ii) Vooruitneming

1 x 2
-------

(2)

- 3.2.5 Skryf die volgende nie-harmoniese note by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenootwaarde vir jou antwoord.

**Antwoord:**

(iii) Terughouding

(iv) Deurgangsnoot

1 x 2
-------

(2)

**[15]**

**VRAAG 4****(30 minute)****Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Sluit die volgende by jou harmonisasie in:

- Kadensiële kwartseks- ( $\frac{6}{4}$ ) progressie
- Dominantsewende-akkoord
- Harmoniese realisering van die aangeduide besyfering

2)  
(1)  
(1)

**Konseptantwoord:**

1

Bb: I   ii<sup>6</sup>   V   I<sup>6</sup>   IV   I   I<sup>6</sup><sub>4</sub>   V

5

I<sup>6</sup>   iii   IV   I<sup>6</sup>   I<sup>6</sup><sub>4</sub>   V<sup>7</sup>   IV<sup>6</sup><sub>4</sub>   I

Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Akkoordkeuse</b>		<b>15</b>
<b>Notasie en stemvoering</b>	<i>Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 8 punte</i>	<b>8</b>
<b>Kwaliteit</b>	<i>Algehele indruk en kreatiwiteit</i>	<b>7</b>
<i>Nota aan die nasieners: Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie</i>		<b>(30 ÷ 2)</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>15</b>

**[15]**

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

**OF**

4.2 Voltooi die agtmaatstuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in halfnootwaardes by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die aanvangsakkoord in maat 1 voorgestel word en gee aandag aan stemvoering. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die aangeduide akkoordsimbole (2)
- ii – V – I-progressie (3)
- Ten minste EEN 'sus-akkoord' (akkoord met 'n terughouding) (1)
- 'n 11<sup>de</sup>-akkoord by die asterisk (\*) (1)

**Konseptantwoord:**

Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Akkoordkeuse</b>		<b>15</b>
<b>Notasie en stemvoering</b>	<i>Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 8 punte</i>	<b>8</b>
<b>Kwaliteit</b>	<i>Algehele indruk en kreatiwiteit</i>	<b>7</b>
<i>Nota aan die nasiener: Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie</i>		<b>(30 ÷ 2)</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>15</b>

[15]

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte akkoordsimbole wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Akkoordsimbole dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

**TOTAAL AFDELING A:**

**60**

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS****(90 minute)****Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.****AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)**

*Nota aan die nasienier: Een punt word toegeken vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte feit wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie.*

**VRAAG 5**

- 5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer, bv. 5.1.5 E.

5.1.1 SAMRO samel voordragtantieme in wanneer 'n musiekwerk ...

**Antwoord:** D Al die bogenoemde

1 punt

5.1.2 Kopiereg word geskend wanneer ...

**Antwoord:** A iemand 'n album wat deur 'n vriend gekoop is kopieer.

1 punt

5.1.3 Watter EEN van die volgende maak 'n musiekwerk geskik vir kopiereg in Suid-Afrika?

**Antwoord:** D Al die bogenoemde

1 punt

5.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n funksie van die platemaatskappy NIE?

**Antwoord:** C Bring komponiste en liriekrywers bymekaar om 'n kommersiële produk te skep

1 punt

1 x 4

(4)

- 5.2 Gee EEN woord of term vir elke beskrywing hieronder, bv. 5.2.4 Musiekbedryf.

**Antwoord:**

5.2.1 Waardeketting/Verskaffingsketting

5.2.2 Aanlyn stroming ('streaming')

5.2.3 Skending van kopiereg/Musiekroof

1 x 3

(3)

5.3 Wie word deur naaldtydregte bevoordeel en wanneer word dit toegepas?

**Antwoord:**

**Wie**

- Al die rolspelers (voordraers/kunstenaars en platemaatskappy) wat betrokke is by 'n klankopname

**Wanneer**

- Wanneer die klankopname aanlyn gestroom/uitgesaai/op lug gespeel word

1 x 2

(2)

5.4 Watter reg sal 'n eienaar van 'n musiekwerk in staat stel om tantieme te ontvang wanneer iemand anders 'n gedeelte daarvan gebruik deur middel van monstersameling ('sampling')?

**Antwoord:** Verwerkingsregte/reproduksieregte

1 mark

(1)

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**Beantwoord AFDELING C (IAM)  
OF AFDELING D (JAZZ)  
OF AFDELING E (WKM).****AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

*Nota aan die nasiener: Alhoewel hierdie nasienriglyne puntsgewys is, mag die leerders die vrae in volsinne beantwoord.*

**VRAAG 6**

- 6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 Ukucuthoza is 'n ...

**Antwoord:** B 'n sagte kat-agtige dans.

1 punt

6.1.2 Watter feit is WAAR oor die lied *Melodi Yalla Pitseng*?

**Antwoord:** B Dit begin met slegs stemme

1 punt

6.1.3 Watter van die volgende sou jy in 'n uitvoering van Afrika-musiek verwag?

**Antwoord:** D Al die bogenoemde

1 punt

6.1.4 Watter EEN van die volgende instrumente is 'n chordofoon?

**Antwoord:** D Umakhweyana

1 punt

6.1.5 G Eoliese modus staan ook ook as ... bekend.

**Antwoord:** C G natuurlike mineur toonleer

1 punt

1 x 5

(5)

- 6.2 Kies VIER items in KOLOM A en pas ELKEEN by 'n stelling in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (6.2.1 tot 6.2.5) neer, bv. 6.2.6 H.

**Antwoord:**

	KOLOM A		KOLOM B
6.2.1	<i>Melodi Yalla Pitseng</i>	G	Simon 'Mahlathini' and the Mahotella Queens
6.2.2	Roep en antwoord	C	vorm in isicathamiya
6.2.3	Kitaar	E	leierinstrument in maskandi
6.2.4	Krepitasie	F	vokale effekte wat gebruik word om opwinding te skep of goedkeuring in 'n uitvoering te toon
6.2.5	Isishameni	A	'n dans en styl van kitaar stem

1 x 4

(4)

6.3 Beskryf die lied *Wamuhle*.**Antwoord:****Betekenis van die lied**

- 'n Liefdeslied wat handel oor 'n beeldskone vrou met aantreklike voorkoms en 'n uitdrukking van liefde op haar gesig
- Humoristiese elemente kom voor wanneer die vrou se rug met dié van 'n olifant vergelyk word

**Kenmerke van die musiek**

- Die lied is in die styl van mbaqanga
- Dit is herhalend met 'n sikliese akkoordprogressie
- Orrelklank word ruim aangewend
- Die sterk gedrewe pols van die bastrom is tipies van mbaqanga
- Die lied bevat invloede van Amerikaanse soul-musiek

Enige DRIE

(3)

## 6.4 Verduidelik hoe die volgende terme in isicathamiya gebruik word:

**Antwoord:**6.4.1 **Ukwakha**

Die skep van 'n lied word in 'n groep gedoen, net soos wanneer 'n hut gebou word

6.4.2 **Ivulindlela**

Die leier onderrig die melodie van 'n nuwe komposisie aan die groep

6.4.3 **Izigqi**

Die partye wat deur die groep geskep word nadat die leier die melodie uitgelê het

6.4.4 **Ukubasa**

Die skep van ritmes vir die nuwe lied

1 x 4

(4)

## 6.5 Watter groep instrumente sou jy tipies in die volgende style verwag? Skryf die groepnommer langs die vraagnommers (6.5.1 en 6.5.2) neer, bv. 6.5.3 Groep 4.

**Antwoord:**6.5.1 **Mbaqanga**

Groep 1

1 punt

6.5.2 **Kwêla**

Groep 2

1 punt

1 x 2

(2)

6.6 Identifiseer die kunstenaar/groep van die uittreksel hieronder.

Doh is C

**Antwoord:** Mfaz' Omnyama

1 punt (1)

6.7 Identifiseer die lied waaruit die volgende uittreksel geneem is.

Doh is G

**Antwoord:** Wena Wedwa

1 punt (1)  
[20]

**VRAAG 7**

7.1 Beskryf die kwêla-musiekstyl.

**Antwoord:**

- Dit is 'n marabi-gebaseerde styl wat tussen 1954 en 1964 ontwikkel het
  - Die saksofoon het uiteindelik die penniefluit as hoofinstrument vervang
  - Dit word gewoonlik teen 'n matige tot lewendige tempo gespeel
  - Dit het 'n swing-polsslag waardeur gunsteling jazz-ikone kreatief deur kunstenaars/kinders nageboots is
  - Die kitaar/banjo speel 'n skiffle-agtige polsslag
  - 'n Kort harmoniese siklus vorm die basis vir 'n reeks melodieë (gewoonlik so lank soos die siklus) wat herhaal en gevarieer word
- Die harmoniese siklus maak gebruik van die volgende akkoordprogressies:  
I-IV-I<sup>6</sup><sub>4</sub>-V of I-IV-V-I
- Die musiek word gekenmerk deur eenvoudige en aansteeklike wysies

**Enige VIER****(4)**

7.2 Verduidelik EEN manier waarop die woord 'kwêla' in die verlede gebruik kon gewees het.

**Antwoord:**

- Die woord is dikwels geskree gedurende 'n voordrag om die gehoor aan te moedig om op te staan en te dans
- Kunstenaars het die woord 'kwêla!' gebruik om 'n lid van die groep aan te moedig om 'n solo te speel
- Die woord is deur die polisie gebruik om iemand te beveel om in 'n polisievangwa te klim
- Die woord 'Kwêla-Kwêla' is gedurende die apartheidsjare gebruik om na die berugte polisievangwaens te verwys

**Enige EEN****(1)****[5]****VRAAG 8**Motiveer waarom die lied *Umama* 'n tipiese voorbeeld van maskanda is.**Antwoord:**

- Die kitaar is die leierinstrument
- Die styl van spel is ukupika (pluk van snare) op 'n akoestiese kitaar
- Inkunz' Emdaka gebruik 'n kitaar met staalsnare om 'n perkussiewe klank te skep
  - Hy gebruik ook standaard isiZulu maskanda stemming om die snare op EADGBD te stem
- Die inleiding word op die kitaar gespeel (isihlabo)
- Die stemming/atmosfeer ('groove') van die lied word deur die bastrom aangegee
- Die agtergrondsangers (abavumayo) sing die respons op die leier se roep
- Die sangers gebruik vokale glissandi of toonhoogte-buigings
- Die hoofsanger gebruik vinnige izibongo/ukubonga (lofdigte) in die middel van die lied

**Enige VYF****[5]**

**VRAAG 9**

Bespreek die rol van die meester-tromspeler tydens 'n tromuitvoering.

**Antwoord:**

- Die meester-tromspeler staan in die middel van die groep en lei die voordrag as 'n geheel
- Sy rol is om verskeie gebeurlikhede gedurende die voordrag aan te dui:
  - Hy wys aan die ander spelers wanneer hy gereed is om te begin, bv. deur middel van 'n vokale uitroep gevolg deur 'n kort ritmiese solo om die stemming en tempo van die musiek daar te stel
  - Hy dui aan individuele spelers aan wanneer om 'n solo (bestaande uit 'n variasie van die oorspronklike ritmiese patroon) te speel
  - Hy dui die begin van kontrasterende seksies deur die loop van die voordrag aan
  - Hy dui ook enige veranderinge aan die struktuur van die voordrag aan deur middel van tekens aan die dansers en groep tromspelers
- Daar is gewoonlik 'n roep en antwoord tussen die meester-tromspeler en die res van die groep
- Die meester-tromspeler speel dikwels 'n vaste en aanhoudende pols (ook bekend as die 'time-line'). Klokke (beesklokke of agogo klokke) kan bygevoeg word om die pols te versterk
- Die spanning in die musiek sal toeneem deur die loop van die voordrag en dit is die verantwoordelikheid van die meester-tromspeler om die veranderinge te beheer sodat die musiek interessant bly

Enige VYF

**[5]****VRAAG 10**

Philip Tabane het die inheemse rituele malombo ontwikkel tot 'n gewilde musikale domein.

Brei oor hierdie stelling uit deur Philip Tabane se kontemporêre malombostyl te bespreek. Verwys na konteks, instrumentasie, vokale styl, tegnieke en lofdigte.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Konteks	2
Instrumentasie	6
Vokale style, tegnieke en lofdigte	4
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**Antwoord:****Voorbeeld van 'n inleiding**

Philip Tabane se musiek ontstaan uit die inheemse malombo van Suid-Afrika en ontwikkel met sy persoonlike geestelike reis tot by 'n unieke nuwe malombo-klank.

**Konteks**

- Malombo is 'n vhaVenda woord wat spirituele genesing beteken en kom algemeen voor in Afrika genesingspraktyke
- Tabane se musiek kan beskou word as 'n herinterpretasie van die elemente van 'n inheemse kunsvorm deur die gebruik van Westerse instrumente bykomend tot die Afrika-tromme en stem
- Alhoewel sy musiek uit die inheemse malombo genesingsrituele ontwikkel, gebruik hy elektriese ghitaar, Afrika-tromme en 'n fluit
- Elemente van die oorspronklike malombo/malopo word in sy musiek geïnkorporeer, bv. outentieke tromme en herhalende materiaal wat die spirituele aspek versterk

Enige TWEE

**Instrumentasie**

- Tabane het met die epifoon-kitaar geëksperimenteer en het die instrument in sy opname van die suksesvolle *Malombo* album, *Pepelepe*, gebruik
- Hy leer om harmonika te speel by die 'Malaeta' groepe van die multikulturele Mamelodi
- In sy latere internasionale opnames vermeng hy kitaar, harmonika, tromme en stem
- Hy eksperimenteer met die trom-dialek van die sangoma trom repertoire
  - Die snit *Sangoma* van die album *Malombo* (1976), gee erkenning aan die tipiese sangoma styl van tromspel
- Seksies sonder tromme is wanneer Tabane kitaar speel terwyl die mbira en perkussie 'n ondersteunende vermenging van teksture skep om die melodie te dra
- Hy gebruik tromme om 'n meloritmiese timbre wat 'n tekstuurvermenging met die oorkoepelende harmonie van die stem en kitaar skep
- Die malombo-tromme skep die dansritme en stemming van die musiek
- Die atmosfeer van die lied, wat deur die perkussie ondersteun word, word verder deur Tabane se kitaar en die tromspeler se meloritme omlyn
- Tabane benut 'n wye reeks perkussiewe klanke en timbres:
  - Hy betrek dikwels 'n derde groepslid om perkussieklanke sowel as ander natuurlike klanke (bv. voëls, eekhorings en ander natuurklanke) na te boots
  - Die perkussie skep geaksentueerde, gladde en growwe klankteksture om verskillende klankspektrums en atmosfeer in verskillende liedere te skep vanaf reënklanke (d.m.v. 'n reënbuis) tot by die klank van 'n skoolklok
  - Klanke word geskep deur die gebruik van eenvoudige hand- en voetratels, kalbasse, voëlfloitjies, koedoehorings, klokke en kalbasratels
  - Hierdie perkussie-instrumente word ook gebruik om mens-gemaakte klanke na te boots, bv. die klank van 'n motor wat verbyry, die toet van 'n treinfluit of 'n perd wat galop, soos in *Pepelepe* en *Mirengo*

Enige SES

**Vokale style, tegnieke en lofdigte**

- Tabane se falsetto sang wek 'n melancholiese en nostalgiese stemming op
- Hy gebruik 'n vrolike ritmiese ('lilting') manier om die malombo-wysies te sing
  - Klankeffekte soos 'lili lalala, ila holalal, hila lalalala, hi hao lalalalala, lile lelalala, welele le walala' word spontaan aangewend as deel van die vloei, soos in *Ngwana O Ya Lela*
- Hy gebruik krepitasie, wat 'n tipe lalsang ('scat') en onomatopoeë is, in sy sang om die klank van die kitaar te ego

- Hy sing dieselfde melodie wat hy op kitaar speel terwyl hy klankeffekte gebruik – soms in harmonie en soms in unisoos met die kitaar
- Hy boots die bastone van sy kitaar sowel as interessante gedeeltes van die melodie na deurdat hy op plekke woorde uitroep soos 'Dzzz! Mm! Tl! Tla tl
- Sy natuurlike stemklank stem ooreen met die tradisionele malombo timbre
- In sommige liedere, soos *Ngwana O Ya Lela*, stop Tabane die musiek en gaan oor in lofdigte wat hy leen uit bestaande tekste van sy voorvaders se lofdigte sowel as dié van ander Suid-Afrikaanse kulture
- Tabane skep 'n nostalgiese timbre en gevoel met sy stem en 'sing-praat'-tegniek ('chanting') om 'n prentjie te skilder of om soms 'n ernstige stemming te skep, soos in *Ngwana Wa Kgaetsedi*
- Sy lirieke word gekenmerk deur herhaling van frases en enkelwoorde wat in die spreektaal van gewone Sepedi gebruik word

Enige VIER

**Voorbeeld van 'n afsluiting**

Die verhoog is vir Philip Tabane 'n heilige verbintenis tussen musiek en die moderne aanhoorder terwyl hy gelykertyd die tradisionele malombo tradisie-gees behou.

Die opstel sal volgens DIE riglyne hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Konteks			2
Instrumentasie			6
Vokale style, tegnieke en lofdigte			4
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	<b><i>Uitstekend</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 3 punte	3
	<b><i>Goed</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 2-2½ punte	
	<b><i>Redelik</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 1½ punte	
	<b><i>Ondergemiddeld</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 1 punt	
	<b><i>Swak</i></b> <i>'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel</i>	= ½ punt	
	<b><i>Nie aanvaarbaar</i></b> <i>Feite puntsgewys aangebied</i>	= 0 punte	
<b>TOTAAL</b>			<b>15</b>

[15]

**TOTAAL AFDELING C: 50**  
**GROOTTOTAAL: 120**

OF

**AFDELING D: JAZZ**

*Nota aan die nasiener: Alhoewel hierdie nasienriglyne puntsgewys is, mag die leerders die vrae in volsinne beantwoord.*

**VRAAG 11**

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 Watter instrument hoort NIE by die ritme-seksie van 'n tipiese big band nie?

**Antwoord:** B Baritonsaksofoon

1 punt

11.1.2 'n Toonleer sonder enige halftone is 'n ...

**Antwoord:** B pentatoniese toonleer.

1 punt

11.1.3 Watter van die volgende style word met Afrika-jazz geassosieer?

**Antwoord:** D Al die bogenoemde

1 punt

11.1.4 Zim Ngqawana se musiek ...

**Antwoord:** D Al die bogenoemde

1 punt

11.1.5 'n Suid-Afrikaanse jazz-styl wat uit ragtime ontstaan het, is ...

**Antwoord:** C marabi.

1 punt

1 x 5

(5)

11.2 Kies VYF items oor vorm in KOLOM A en pas ELKEEN by die korrekte term in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (11.2.1 tot 11.2.5) neer, bv. 11.2.6 H.

**Antwoord:**

	KOLOM A		KOLOM B
11.2.1	Herhalende motief	B	riff
11.2.2	Nuwe materiaal teenoor 'n vasgestelde progressie	D	improvisasie
11.2.3	Herhalende progressie	A	I–IV–I <sup>6</sup> <sub>4</sub> –V
11.2.4	Liedvorm	C	AABA
11.2.5	Kadensiële progressie	E	ii–V–I

(1 x 5)

(5)



11.3 Motiveer waarom Chris McGregor se musiek as progressive jazz beskou kan word.

**Antwoord:**

- Avant-garde verwerkings in die big band-styl (Brotherhood of Breath) wat wegbeweeg van die georganiseerde aspek van 'n tradisionele big band
- 'n Mengsel van kragtige blues en wilde eksperimentering
- Eksperimentele klank op die rand van atonaliteit
- Nie bedoel as dansmusiek nie
- Inkorporeer beskikbare spelers in 'n dinamiese big band-ensemble
- Vrye improvisatoriese karakter in kontras met die tradisionele big band/Vrye en soepel melodiese uitvoering

*Enige TWEE*

(2)

11.4 Beskryf die musiekstyl van The Flying Jazz Queens.

**Antwoord:**

- Word gekenmerk vir hul onmiskenbare vokale klank in digte harmonieë
- Liedjies is altyd opgewek/jive-musiek
- Musiek bestaan uit 'n herhalende enkeltema
- Inkorporeer 'n marabi-styl in 'n vroegontwikkelde mbaqanga-klank
- 'n Vermenging van amaZulu tradisionele musiek met township-musiek
- Lirieke is soms geïmproviseer/spontaan uitgedink

*Enige TWEE*

(2)

11.5 Noem EEN kunstenaar wat 'n tipiese Cape jazz-klank ontwikkel het deur die Kaapse Klopse-saksofoonklank na te boots.

**Antwoord:**

Robbie Jansen/McCoy Mrubata/Basil 'Manenberg' Coetzee

*1 punt*

(1)

11.6 Identifiseer TWEE melodie-kenmerke in tipiese Cape jazz-musiek.

**Antwoord:**

- Gesangagtige melodieë gebaseer op volksliedjies en blues
- Beïnvloed deur Kaapse-Maleisiese en Khoi en San vokale tradisies met 'n melismatiese melodiese styl
- Saksofoongedrewe melodiese lyn met 'n improvisatoriese karakter

*Enige TWEE*

(2)

11.7 Watter groep instrumente sou jy verwag om in Cape jazz te vind? Skryf die groepnommer langs die vraagnommer neer, bv. 11.7 Groep 4.

**Antwoord:**

**Cape jazz**

Groep 1

*1 punt*

(1)

11.8 Identifiseer die liedjie waaruit die volgende uittreksel geneem is.

**Antwoord:** *Lakutshon'ilanga*

1 punt

(1)

11.9 Identifiseer die orkes waarmee jy die uittreksel hieronder assosieer.

**Antwoord:** Brotherhood of Breath

1 punt

(1)

**[20]**

## VRAAG 12

The Jazz Epistles het gedurende die 1950's 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse jazz-veld gelewer. Beskryf die eienskappe van hulle styl. Noem EEN album/liedjie en EEN lid van die groep.

**Antwoord:**

### Styleienskappe

- Speel 'n voortstuwende hoekige bop in plaas van die gewone populêre swing
- Vinnige tempo's en virtuose uitvoerings sowel as dralende stadige ballades
- Komplekse verwerkings
- Kragtige musiektemas en breë swing-gevoel
- Uitgebreide gebruik van revolusionêre harmoniese idees
- Ontwikkel 'n moderne avant-garde Suid-Afrikaanse jazz-klank
- Stewige ensemble-spel ten spyte van individuele lede wat in afsonderlike style speel
- Vermeng hul Afrika-wortels (tradisionele dansmusiek) met 'n Europese/Amerikaanse styl
- Beïnvloed deur swart Amerikaanse bebop-kunstenaars, bv. Thelonious Monk, Dizzy Gillespie en Charlie Parker
- Invloede van Manhattan Brothers word in hul styl geïnkorporeer: insluitend gospel, afro-jazz, jive, doo-wop, swing, ragtime

### Album/Liedjie

- *Jazz Epistle, Verse 1*
- *Scullery Department*
- *Dollar Moods*
- *Blues for Hughie*
- *Vary-oo-vum*

### Lid

- Dollar Brand (Abdullah Ibrahim)
- Kippie Moeketsi
- Jonas Gwangwa
- Hugh Masekela
- Johnny Gertze
- Early Mabuza
- Makaya Ntshoko

*Enige DRIE stylkenmerke*  
*Enige EEN album/liedjie*  
*Enige EEN lid*

**[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek Feya Faku se agtergrond en die eienskappe van sy musiek. Sluit die titel van EEN album/liedjie in.

**Antwoord:****Agtergrond**

- Studeer onder Darius Brubeck
- Tree plaaslik en internasionaal op met bv. Thandi Klaasen, Basil Coetzee en Abdullah Ibrahim, Paul Hanmer, Dave Young en Larry Ridley

**Eienskappe**

- Hoë vlak van tegniese vaardigheid en improvisatoriese bekwaamheid op trompet en Flügelhorn
- Warm en sielvolle klank
- Moderne jazz met 'n eklektiese styl
- Progressiewe harmonie met tradisionele ritmiese elemente
- Kombineer Xhosa musikale wortels met moderne jazz

**Album/Liedjie**

- *Homage*
- *Tacit*
- *The Colours They Bring*
- *Hope and Honour*

<i>Enige EEN feit oor agtergrond</i> <i>Enige DRIE eienskappe</i> <i>Enige EEN album/liedjie</i>
--------------------------------------------------------------------------------------------------------

**[5]**

**VRAAG 14**

Bespreek die oorsprong en die instrumentasie van mbaqanga. Verwys na *Umjomela* deur Makgonatsohle Band in jou antwoord.

**Antwoord:****Oorsprong**

- 'n Samesmelting van kulture (toe plattelandse mense na die stede verhuis het)
  - Dansmusiek waarin tradisionele en Westerse musiek gekombineer word
  - 'n Samesmelting van Amerikaanse jazz, mbube, kwêla en marabi
  - amaZulu tradisionele musiek gekombineer met township-musiek
- Maak gebruik van instrumente wat in die populêre musiek van die dag beskikbaar was
- Begin as 'n instrumentale genre (soos in *Umjomela*) maar verwerf later meer gewildheid deur die byvoeging van stemme
- Die kitaarinleiding wat kenmerkend van hierdie styl is, is deur die Afrika-kalbasboog beïnvloed
- Saksofoon is die leier melodiese instrument (vervang die penniefluit wat in kwêla-musiek gebruik is)

**Instrumentasie**

- *Umjomela* gebruik baskitaar, elektriese kitaar en saksofoon

*Enige VYF  
Ten minste EEN feit per item  
Al die instrumente moet genoem word vir EEN punt*

**[5]****VRAAG 15**

Kwêla is 'n musiekstyl wat in die 1950's ontwikkel het met sy wortels in verskeie style.

Brei op hierdie stelling uit deur die tipiese eienskappe van kwêla te bespreek. Verwys na *Banana ba Rustenburg* deur Spokes Mashiyane in jou bespreking.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Eienskappe van kwêla	6
<i>Banana ba Rustenburg</i>	6
Aanbieding en struktuur	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**Voorbeeld van 'n inleiding**

Kwêla ontwikkel in Sophiatown gedurende die 1950's vanuit die destydse dominante musiekstyl, marabi. Beide van hierdie style deel soortgelyke eienskappe en vind hul oorsprong in dansmusiek.

**Kwêla-eienskappe****Instrumentasie**

- Tradisionele inheemse fluitagtige musiek, bv. die gebruik van die penniefluit
- 'n Bekostigbare en maklik bekombare instrument op straat
- Tipiese instrumentasie sluit die penniefluit, kitaar, baskitaar en tromstel in, *Banana ba Rustenburg* vervang die penniefluit met 'n saksofoon en voeg 'n banjo by

**Akkoordstruktuur**



- 'n Tipiese marabi-agtige akkoordprogressie word gebruik, bv. I–IV–I<sup>6</sup><sub>4</sub>–V of I–IV–V–I terwyl *Banana ba Rustenburg* IV–I<sup>6</sup><sub>4</sub>–V–I gebruik
- Herhalende kort harmoniese siklus wat in marabi en verskeie ander Suid-Afrikaanse tradisionele musiek gevind word

**Tempo**

- Matig tot opgewekte tempo

**Ritme**

- Skiffle-agtige maatslag wat hoofsaaklik op die kitaar/banjo gespeel word
- Amerikaanse jive/swing-ritme

- Skoffel-ritme: 
- Zoeloe-dansritme
- Indlamu-dans-stampritm: 

**Melodie**

- Meeste kwêla-komposisies bestaan uit motiewe wat met solodele afgewissel word of 'n ostinato agtergrondfiguur waaroor 'n solis improviseer, *Banana ba Rustenburg* maak gebruik van kort herhalende motiewe in 'n sikliese struktuur, bv. beginseksie
  - Eerste motief herhaal vier keer
  - Tweede motief herhaal drie keer
  - Eerste motief herhaal weer drie keer
  - Tweede motief herhaal twee keer, ens.
- *Banana ba Rustenburg* maak gebruik van gesinkopeerde ritme in 'n spitsagtige, motiwiese melodie
- Kwêla-musiek ontwikkel gewoonlik melodiese materiaal deur improvisasie terwyl *Banana ba Rustenburg* eerder die melodiese motiewe versier
- Voortstuwende ritme verskaf deur die kitaar/banjo met ondersteuning deur die tromstel

*Enige SES eienskappe*  
*Enige SES verwysings na die werk*

**Voorbeeld van 'n afsluiting**

Die vroeë klanke en ritme van die marabi-styl is nogal kenmerkend en die kwêla-styl ontwikkel hieruit tot 'n ander unieke en herkenbare musiekstyl met 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse musiekkarakter.

Die opstel sal volgens die riglyne hieronder nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Kwêla-eienskappe			6
Banana ba Rustenburg			6
Aanbieding en struktuur	<b>Uitstekend</b> 'n Inleiding en afsluiting met 'n substansiële argument as inhoud van die opstel, is te bespeur.	= 3 punte	3
	<b>Goed</b> 'n Inleiding en afsluiting met 'n gangbare argument as inhoud van die opstel is te bespeur.	= 2-2½ punte	
	<b>Gemiddeld</b> 'n Inleiding en afsluiting met 'n onbenullige argument as inhoud van die opstel, is te bespeur.	= 1½ punte	
	<b>Ondergemiddeld</b> 'n Inleiding en afsluiting met 'n swak argument as inhoud van die opstel, is te bespeur.	= 1 punt	
	<b>Swak</b> 'n Enkel paragraaf: 'n opstelpoging wat nie werklik slaag nie.	= ½ punt	
	<b>Onaanvaarbaar</b> Net die feite puntsgewys aangebied.	= 0 punte	
TOTAAL			15

[15]

**TOTAAL AFDELING D: 50**  
**GROOTTOTAAL: 120**

**OF**

**AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

*Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys gegee word, mag die kandidate in vol sinne antwoord.*

**VRAAG 16**

- 16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 Rondo is 'n stuk ...

**Antwoord:** B met 'n refrein wat ná elke kontrasterende seksie terugkeer.

1 punt

16.1.2 Watter inligting is NIE waar oor Beethoven se *Pastorale Simfonie* nie?

**Antwoord:** B *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 86*

1 punt

16.1.3 *Fermata* is 'n musiekterm wat gebruik word vir ...

**Antwoord:** D Geeneen van die bogenoemde nie

1 mark

16.1.4 Houtblasers is instrumente wat klank produseer deur middel van...

**Antwoord:** D 'n vibrerende lugkolom.

1 punt

16.1.5 'n Minuet en trio word dikwels in die ... beweging van 'n Klassieke simfonie aangetref.

**Antwoord:** C derde

1 punt

1 x 5

(5)

- 16.2 Kies VYF items oor vorm in KOLOM A en pas ELKEEN by die korrekte term in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (16.2.1 tot 16.2.5) neer, bv. 11.2.6 H.

**Antwoord:**

	KOLOM A		KOLOM B
16.2.1	'n Afsluitingseksie in sonatevorm	B	koda
16.2.2	Die einde van 'n frase	D	kadens
16.2.3	Die kleinste komposisie-eenheid	A	motief
16.2.4	Openingseksie voordat die hoofmelodie verskyn	C	inleiding
16.2.5	'n Passasie wat een tema met 'n ander een verbind	E	brug

1 x 5

(5)

16.3 Beantwoord die volgende vrae oor *Die Towerfluit*.

## 16.3.1 Wat is die funksie van 'n koorgedeelte in 'n opera?

**Antwoord:**

- 'n Koorgedeelte kan as die finale van 'n bedryf dien
- Dit verdiep die emosionele diepte van 'n aria
- Dit rond 'n toneel af deur al die ekstra karakters te betrek
- Verenig die karakters in 'n storielyn

Enige EEN
-----------

(1)

## 16.3.2 Noem die titel van die aria wat 'n koorgedeelte bevat en die karakter wat hierdie aria sing.

**Antwoord:**Aria: *O Isis und Osiris*

Karakter: Sarastro

<i>O Isis und Osiris</i>	= 1 punt
<i>Sarastro</i>	= 1 punt

(2)

16.4 Definieer die term *programmusiek*.**Antwoord:**

- Instrumentale musiek wat 'n non-musikale idee oordra of wat 'n verhaal deur middel van musikale elemente vertel
- Dit bevat beskrywende titels/verduidelikende tekste/programnotas deur die komponis om die bedoelde program te verduidelik

TWEE punte
------------

(2)

16.5 Verduidelik TWEE wyses waarop Beethoven programmatiese elemente in sy *Pastorale Simfonie* gebruik het.**Antwoord:**

- Al vyf bewegings het titels wat die hoorder voorberei op die klanke en emosies wat in 'n plattelandse landskap ervaar word
  - Die vierde beweging (*Storm*) boots donderweer en reën na deur instrumente van die standaard Klassieke orkes op nuwe maniere te gebruik, asook deur nuwe instrumente by te voeg
  - Tremolo in lae strykers stel die gerommel van donderweer voor
  - Instrumente (piccolo en trombone) word bygevoeg in die vierde beweging (*Storm*) om die ervaring van 'n storm te verhoog
- Die scherzo en trio is 'n skets van 'n eenvoudige byeenkoms van boere, met 'n humoristiese uitbeelding van die plaaslike orkes

Any TWO
---------

(2)



- 16.6 Noem EEN houtblaasinstrument wat in 'n Klassieke orkes maar NIE in 'n Barokorkes aangetref word NIE.

**Antwoord:** Klarinet

1 punt

(1)

- 16.7 Gee die vormtipe en toonsoort van *Die Hebrides* deur Mendelssohn.

**Antwoord:**

Vorm: Sonatevorm

Toonsoort: B mineur

1 x 2

(2)

[20]

### VRAAG 17

Beskryf die uiteensetting soos wat dit in sonatevorm gebruik word.

**Antwoord:**

- Dit is die eerste seksie in sonatevorm
- Dit mag 'n stadige inleiding in die tonika- of dominanttoonsoort bevat
- Die eerste tema is in die tonikatoonsoort en het 'n energieke karakter
- Ná die eerste tema is daar 'n modulerende brugpassasie
- Die tweede tema is in 'n verwante toonsoort (dominant of verwante majeur) en is gewoonlik meer liries van aard
- Die uiteensetting eindig met 'n kort kodetta in die toonsoort van die tweede tema
- Die uiteensetting word altyd herhaal

Enige VYF

[5]

### VRAAG 18

- 18.1 Beskryf die struktuur van Beethoven se *Pastorale Simfonie*.

**Antwoord:**

- Die *Pastorale Simfonie* bevat vyf bewegings in plaas van die gewone vier bewegings van 'n Klassieke simfonie
- Die ekstra beweging is tussen die tradisionele derde en vierde bewegings van 'n Klassieke simfonie ingevoeg
- Die laaste drie bewegings is verbind en word sonder onderbreking gespeel, asof dit een beweging is. Dit skep die indruk van 'n drie-beweging simfonie.
- Elke beweging het 'n beskrywende titel

Enige VIER

(4)

- 18.2 Wat is die tempo-aanduiding van die laaste beweging Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F majeur*?

**Antwoord:** Allegretto

1 punt

(1)

[5]

**VRAAG 19**

Mendelssohn word as 'n Klassiek-Romantiese komponis beskou wie se styl elemente van formele balans en beeldskepping bevat.

Bespreek hoe hierdie elemente in *Die Hebrides* geïllustreer word deur te verwys na die instrumentasie en hoe die atmosfeer oorgedra word.

**Antwoord:****Instrumentasie**

- Standaard Klassieke orkes
- Geen instrumente is bygevoeg nie

**Orkestrasie en atmosfeer**

- Innoverende orkestrasie stel 'n seetoneel met wisselende atmosfeer voor
- Ongewone kombinasie van instrumente en kreatiewe timbres skep variasie in atmosfeer:
  - Beide temas word deur lae-register-instrumente gespeel om sodoende 'n donker atmosfeer te skep
  - Tremolo's in die hoë strykers verteenwoordig 'n ligter atmosfeer
  - 'n Kragtige atmosfeer word deur volle orkes sforzando-akkoorde geskep
  - Crescendo's en decrescendo's in die twee hooftemas deur die volle orkes help om 'n gevoel van verlange en nostalgie daar te stel
  - 'n Energieke atmosfeer word deur die trompetfanfare voorgestel
  - Die laaste paar mate met klarinet- en fluitsolo's skep 'n atmosfeer van serene kalmte

*Enige VYF*

*Ten minste EEN feit oor instrumentasie*

**[5]**

**VRAAG 20**

*Die Towerfluit* deur Mozart is 'n opera in tipiese Klassieke styl.

Brei op hierdie stelling uit deur die operatipe sowel as die Klassieke eienskappe van hierdie opera te bespreek, soos in die aria *Der Vogelfänger bin ich ja* aangetref.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Operatipe	5
Klassieke eienskappe in <i>Der Vogelfänger bin ich ja</i>	7
Aanbieding en struktuur	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**Antwoord:****Voorbeeld van 'n inleiding**

Mozart word deur talle beskou as die bepalende Klassieke komponis. In sy laaste opera, *Die Towerfluit*, sien ons die opkoms van 'n nuwe operatipe en die kulminasie van Klassieke eienskappe.

**Operatipe**

- 'n Nuwe sub-genre van opera, die Singspiel, ontstaan met elemente van musiek en elemente van drama (teater)
- Dit is in die spreektaal, Duits
- Die libretto bevat gesproke dialoog sowel as resitatief om die verhaal te dra.
- Die intriges is komies of romanties van aard en sluit in:
  - magiese elemente (towerfluit en towerklokkies)
  - denkbeeldige diere (draak)
  - karakters waarvan die eienskappe van goed en kwaad oordryf word ter wille van komiese elemente
- Verskillende style van opera word versmelt, bv. opera seria, bel canto en opera buffa
  - ernstige en dramatiese temas teenoor lighartige en komiese temas
- Sluit 'n verskeidenheid musiektipes in:
  - eenvoudige, volksagtige, strofiese liedere
  - uitspattige, dramatiese en teatrale arias
  - duette, ensembles en koorgedeeltes

Enige VYF
-----------

**Klassieke eienskappe in *Der Vogelfänger bin ich ja***

- Gebruik duidelike sillabiese woorde twee keer meer as die melismas in hierdie aria.
- Eenvoudige strofiese vorm met drie verse
- Homofoniese tekstuur; duidelike vokale melodie met orkesbegeleiding
- Eenvoudige begeleiding deur 'n klein orkesensemble ondersteun die melodie
- Diatoniese melodie met 'n volkse aard en 'n vokale omvang van 'n 9<sup>de</sup>
- Duidelike, gebalanseerde frases wat met volmaakte kadense eindig
- Eenvoudige harmoniese struktuur wat hoofsaaklik tonika- en dominant-akkoorde/harmonieë/funksies bevat
- Funksionele harmonie met naby-verwante modulاسie na die dominant (D majeur)
- Beperkte/Klein dinamiese omvang (*p*, *cresc.*, *f*)

Enige SEWE
------------

**Voorbeeld van 'n afsluiting**

Wanneer mens na hierdie innoverende opera luister is dit duidelik dat Mozart die tipiese Klassieke eienskappe op nuwe maniere manifesteer het in *Die Towerfluit*.

Die opstel sal volgens die riglyne hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Operatipe		5	
Klassieke eienskappe in <i>Der Vogelfänger bin ich ja</i>		7	
Aanbieding en struktuur	<b><i>Uitstekend</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 3 punte	3
	<b><i>Goed</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 2-2½ punte	
	<b><i>Redelik</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 1½ punte	
	<b><i>Ondergemiddeld</i></b> <i>'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</i>	= 1 punt	
	<b><i>Swak</i></b> <i>'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel</i>	= ½ punt	
	<b><i>Nie aanvaarbaar</i></b> <i>Feite puntsgewys aangebied</i>	= 0 punte	
TOTAAL		15	

[15]

**TOTAAL AFDELING E: 50**  
**GROOTTOTAAL: 120**